

Die Dienaar kom om te dien			Die Dienaar kom om op te offer	
Voorstelling van die Dienaar (1:1-2:11)	Teenkanting teen die Dienaar (3:14-8:26)	Instruksies deur die Dienaar (8:28-10:52)	Verwerping van die Dienaar (11-15)	Opstanding van die Dienaar (16)
Markus, nie 'n apostel maar metgesel van Paulus skryf aan die Romeine ongeveer 29-30 of 33nC				

Dag	Lees
Ma	Mark 1-2
Di	Mark 3-4
Wo	Mark 5-6
Do	Mark 7-8
Vry	Mark 9-10
Sat	Mark 11-13
Son	Mark 14-16

Ons sien baie minder woorde van Jesus as in die ander Evangelies, maar baie meer daede - Markus skets Jesus as die Dienskneg van God wat voortdurend besig is met die werk van sy Vader. Jesus se aktiwiteite en verlossingswerk word beskryf. So sien ons in die boek alleen twintig wonderwerke. Die boek beskryf nie geboorte nie, maar begin direk by die werk van Christus.

Jesus begin preek "Bekeer julle en glo die evangelie" (Mark 1:15). Steeds in die eerste hoofstuk roep Hy sy dissipels en sien ons reeds verskeie wonderwerke. Soos in die ander evangelies leer ons baie van Jesus. Hy word nie alleen as Dienskneg voorgestel nie maar ook as Seun van God by Sy doop (Mark 1:11), Sy verheerliking (Mark 9:6-8) en selfs bese geeste erken dit (1:24; 3:11 en 5:7). Markus beskryf ook dat Hy ware mens was - Hy gee om vir die wat swaarky (14:34); Hy raak teleurgesteld (8:12; 10:14); Hy raak kwaad (11:15-17); Hy raak moeg (4:38) en Hy word verbaas (6:6).

Net soos Jesus Dienskneg is, moet ons ook dien. Selfopoffering en lyding vir Christus vind plaas in die geloof dat die wat hulle lewe verloor, dit weer vind in Christus (Mark 8:34-37). Ek en jy as Sy volgelinge, moet ook soos Hy (as Seun van God) nederig, in geloof, dien: *Jesus roep hulle toe nader en sê vir hulle: "Julle weet dat dit by die nasies so is dat hulle sogenaamde regeerders oor hulle baasspeel en dat hulle groot manne die mag oor hulle misbruik. Maar by julle moet dit nie so wees nie. Elkeen wat in julle kring groot wil word, moet julle dienaar wees; en elkeen onder julle wat die eerste wil wees, moet julle almal se dienaar wees.* (Mark 10:42-44).

Die feit dat drie agstes van sy boek handel oor die laaste week van Christus se lewe op aarde, toon aan hoe belangrik hy dit geag het. Die hele boek haas homself om te vertel hoe die Dienaar Jesus, sy lewe vir ander gegee het.

Die Seun van die mens het ook nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as losprys vir baie mense. (Mark 10:45)

Evangelies	Evangelie versprei	Verlossings leer	Briewe uit gevangenis	Opvolger riglyne	Kerk en lyding	Kerk en dwaalleer	Wederkoms	Die einde
------------	--------------------	------------------	-----------------------	------------------	----------------	-------------------	-----------	-----------

Markus – wonderwerke van die Dienaar

As Hy van bese geeste kan genees (Mark 1,24,27)
moet Hy van God af wees!
Hy het baie siekes se kwaal
uit hulle uitgehaal. (Mark 1:33)

As U wil kan U my gesond maak (Mark 1:40,41)
Jesus het hom aangeraak...
Deur die dak laat sak vir lewe (Mark 2:5)
“Jou sondes word jou vergewe!”

‘n Gebrekkige hand het Hy genees – (Mark 3:5)
die Sabbat sou nooit weer dieselfde wees...
Jesus het baie mense gesond gemaak (Mark 3:10)
Hulle het Hom oorval om aan te raak.

Die skuit het in die storm in gevaar (Mark 4:39)
Jesus bestraf dit: Hou op! Bedaar!
Die geeste het in die varke ingevaar (Mark 5:12)
en die besetene het bedaar.

Gered deur jou geloof (Mark 5:34)
“Genees” het Hy beloof.
Hy het vyf brode en twee visse verdeel (Mark 6:38,
vir vyf duisend was die kos te veel!

Jesus loop op die see (Mark 6:49.50)
“Dit is Ek”, deel Hy mee.

Deur net te raak aan die soom van sy kleed (Mark 6:56)
is die siekes genees van hul leed.
Die Griekse vrou se dogtertjie is genees (Mark 7:28)
want krummels onder die tafel was genoeg gewees.

‘n Vinger in die dooie man se oor gesteek (Mark 7:33)
en hy kon weer hoor en spreek!
Net sewe brode kon hul kry, (Mark 8:5)
maar duisende het genoeg gekry.

Vir genesing was dit genoeg (Mark 8:23)
dat Hy op sy oë moes spoeg.
“Dit kan as jy glo”, het Hy beloof (Mark 9:23)
“Help my in my ongeloof!”

“Jesus, Seun van Dawid, ontferm U tog oor my!”
En van sy blindheid is hy bevry. (Mark 10:48)
Die vyeboom het Hy vervloek, (Mark 11:21)
niemand kon weer daar vye soek.

Die grootste wonder in hierdie boek
is vir jǒú wat verlossing soek:
Julle soek verniet op hierdie plek (Mark 16:6)
Hy is uit die dood opgewek!

Hier is My laaste wens: (Mark 16:15)
Verkondig die evangelie aan elke mens.